**DONDERDAG 5 FEBRUARIE**

**SKRIFGEDEELTE: HANDELINGE 18:24-28**
**FOKUSGEDEELTE: HANDELING 18:26**

**Apollos – onvoltooide evangelieboodskap**

Aquila en Priscilla reis saam met Paulus na Efese, maar bly agter as Paulus daarvandaan vertrek. Hulle vind op die Sabbatdag ’n besoekende Joodse leraar, Apollos, wat met ’n deeglike Skrifkennis mense aangaande Jesus geleer het. Tog was sy boodskap onvoltooid. Hoewel hy onderrrig ontvang het (vs 25), het hy net van die doop van Johannes geweet: ’n bekeringsdoop in voorbereiding tot die koms van Jesus. Die volheid van eenwording met Christus in sy dood en opstanding, soos afgebeeld in die Christelike doop, was by hom onbekend. Groot passie, groot toewyding, groot geleerdheid, met opregtheid … maar tog ’n onvoltooide evangelieboodskap.

Leef en verkondig ons dalk ’n onvoltooide evangelie? Die evangelie: sondeverlorenheid, genade alleen, Christus wat die prys betaal en die oorwinning behaal, die Gees wat ons lei, ’n heilige lewe, roeping as kind van God, ’n uitdra en oorloop van God se liefde, ’n voortdurende groei ...

Wanneer ons ’n deel van die Bybelse boodskap ignoreer, leef en verkondig ons ’n onvoltooide evangelie.

“Onvoltooide evangelie” is ook waar geloof nie tot dade oorgaan nie, waar gelowiges selfgesentreerd nie die boodskap uitdra nie, waar daar kennis sonder ’n persoonlike verhouding met Christus is.

Aquila en Priscilla neem Apollos huis toe en onderrig hom verder in die volheid van die evangelie. Hulle begelei hom. Ons lees in verskeie ander gedeeltes (Hand. 19:1; 1 Kor. 3:5-6; 4:6) van Apollos se verdere bediening ... van die vólle evangelie.

Hoe betrokke is ek in ’n ander se geloofspad en bediening? Die Here gee ons as gelowiges vir mekaar om mekaar te begelei, mekaar te ondersteun om die volle evangelieboodskap te ken, te omhels, te leef ... en uit te dra.

*Psalm 119:39 (1936)*

*Ds. CJ (Johan) van Heyningen (Stellenbosch)*